# DIE KOERANT AS HISTORIESE BRON EN DIE GEBRUIK DAARVAN IN GESKIEDENISONDERRIG

Mnr. F. Oosthuizen (B.A. Hons.)
(RAU-student)

## INLEIDING

Historici verskil nie oor die feit dat die koerant 'n historiese bron is nie, want 'n historiese bron word beskou as enigiets wat lig werp op die historiese verlede. By die bespreking rakende die aanwending van die koerant as historiese bron, raak mens onwillekeurig die debat aan wat deur Keatinge ontlok is. Reeds in 1911 het hy gepleit dat primêre bronne in die onderrigsituasie gebruik moet word as bewyse (evidence), en nie net bloot om belangstelling te prikkel of om 'n bepaalde tema te verluister nie.[1] Die vernaamste rede waarom primêre bronne steeds 'n beperkte rol speel in die siening dat geskiedenis bloot 'n geheel van feite is wat beheers moet word, en nie as 'n modus van verklaring nie.[2] Tans val die klem op die korrektheid van feite en die regte aaneenlopendheid van gebeurtenisse. Die meeste leerlinge glo dan ook dat geskiedenis slegs in die handboek opgesluit lê.[3]

Die waardebepaling van die koerant as historiese bron is dus geen nuwe gedagte nie, en die twyfel wat bestaan oor die geloofwaardigheid daarvan kon moontlik bygedra het tot die onwilligheid om die koerant in die skoolopset aan te wend. Dit is dan ook in die leemte van die koerant as historiese bron, dat juis sy sterkpunt lê. Die twyfel oor die geloofwaardigheid van die bron moet uitgelig word in die onderrigsituasie, as 'n metode om hoë kognitiewe vaardighede met besondere vormingswaarde, by die leerling te ontwikkel.

C.J. Garraghan beskou die koerant as 'n historiese hulpmiddel wat met die nodige voorbehoud gebruik moet word.[4] H.E. Barnes beskou die koerant as: "among the richest collections of raw material for the historian of periods."[5] Alhoewel die koerant met voorbehoud aangewend word, is daar geen twyfel oor die historiese waarde daarvan nie.

## WAT IS 'N HISTORIESE BRON

Barraclough definieer geskiedenis as: "the attempt to recreate the significant features of the past on the basis of imperfect and fragmentary evidence."[6] Marwick beskou dus die historiese bron as die nie-volmaakte of fragmentariese bewyse van die verlede.[7]

Historiese bronne word in twee kategorieë verdeel naamlik: primêre en sekondêre bronne. Eersgenoemde behels onder andere dokumente, ooggetuieverslae en koerantberigte. Laasgenoemde behels die bronne waarvoor die skrywer primêre materiaal gebruik om nuwe interpretasie te gee. Jones meld dat die koerant oor al sy funksies en rubrieke heen primêre én sekondêre bronne bevat.[8]

## DIE KOERANT AS HISTORIESE BRON

A. Nevins, vooraanstaande joernalis en beroepshistorikus, verklaar dat die beste bewyse waarvan 'n historikus gebruik kan maak, die is waarin daar geen element van selfbelang, onkunde of vooroordeel in voorkom nie.[9] Van Wyk is egter van mening dat so 'n stelling selfs op die betroubaarste geskrewe bronne van toepassing gemaak kan word.[10] Alhoewel so 'n stelling korrek is, kan ons die moontlikheid van sekerheid in die geskiedenis nie ontken nie. Nie alles wat in die koerant gepubliseer word, is waar nie, maar dit maak nie die koerant in die algemeen onbevoeg as 'n historiese bron nie. Dit is dan ook t.o.v. die aspek wat metodologiese kriteria, naamlik interne en eksterne bronnekritiek daargestel is om tot die waarheid, of so na aan moontlik die ware feite te kom. Hierdie metodologiese kriteria bevestig dus dat gegebeure wat deur getuies waargeneem is, akkuraat deur hul meegedeel kán word.

A.P. Robbins is van mening dat die funksies van die koerant drieërlei is:

1) om in te lig,
2) om te onderrig en
3) om te vermaak.[11]

Uit elk van die drie funksies bekom die historikus waardevolle inligting. Jones onderskei 'n vierledige funksie ten opsigte van die koerant. Jones verskil slegs in detail van Robbins in die dat sy 'n fyner onderskeid maak ten opsigte van Robbins se onderrigfunksie. Jones onderskei 'n voorligtingsfunksie en 'n toeligtingsfunksie[12]

In ooreenstemming met die funksie van die koerant is daar 'n drieledige onderskeid t.o.v. die inhoud van die koerant nl.:

1) nuusgebeure
2) rubrieke of redaksionele en politieke kommentare en
3) advertensies.[13]

Op grond van die eise van eksterne kritiek kan daar t.o.v. die inhoud van die koerant 'n reeks primêre bronne binne 'n enkele koerant aangedui word.[14]

### Nuusgebeure

Vanweë 'n uitbreiding in die moderne kommunikasiemiddele is gebeure gou wêreldwyd rugbaar en maak dit vir die gewone persoon moeilik om uit eie krag op hoogte van sake te bly. Die koerant is 'n goeie barometer omdat dit die klimaat van die tyd waarin die nuusgebeure afspeel, weergee.[15] Aangesien die koerant as 'n kroniek van gebeure ontwikkel, is dit onderhewig aan die verdraaiing van feite. Die waarheid is vir die joernalis ewe ontwykend as vir die historikus. Daar is wel ooreenkomste tussen hulle t.o.v. die wyse waarop stof versamel, verwerk en weergegee word. Die joernalis werk egter teen 'n bepaalde tempo, het 'n beperkte ruimte vir sy artikel en het met 'n gebrek aan tyds- en afstandsperspektief te make.[16] Die nuusberigte bly egter steeds eerstehandse getuienis wat in geen ander bron te vinde is nie. P. Mays noem die koerant 'n kontemporêre bron wat intens persoonlik en partydig kan wees.[17] Die koerantartikel word geskryf ten tyde van aangrypende gebeure en besit daarom nie die perspektief van die historikus wat jare na afloop van die gebeure dit objektief probeer rekonstrueer nie. Die historikus wat data van die koerant onttrek moet interne en eksterne bronnekritiek toepas, om te bepaal hoe geloofwaardig die algemene en spesifieke data is wat hy onttrek. Benewens bogenoemde stel Jones dat die koerant in homself 'n belangrike korrektief opgesluit het, aange-

sien dit by uitstek oor openbare aangeleenthede handel en dus reeds eietyds aan kontrole of sanksies onderwerp is.[18]

**Rubrieke, redaksionele en politieke kommentaar**
T.o.v. die afdeling onderskei Jones 'n voorligtingsfunksie en 'n vertolkings- of toeligtingsfunksie. As die standpunt ondersteun word dat die koerant plaaslike en streeksentimente weerspieël m.b.t. die politiek en ander sake, moet daar na dié deel van die koerant gekyk word. In hierdie opsig is daar t.o.v. die funksie van die koerant sprake van 'n voorligtingsfunksie aangesien die koerant 'n bepaalde idee propageer wat aan 'n party of ideologie gekoppel kan word. Daar bestaan dus 'n vooropgestelde beleid waaraan 'n koerant se kommentaar gemeet kan word. Van Wyk beklemtoon dat die koerant tot sy volle potensiaal ontgin moet word, deur nie net na die koerant self te kyk nie, maar ook te kyk na die *wie* en *wat* daaragter.[19]

Aangesien die koerant ideologies gekleurd is in sy beriggewing, kan die koerant wel bevooroordeeld wees, alhoewel dit as riglyn neergelê is dat feite nie verdoesel mag word en artikels nie met persoonlike opinie deurspek mag word nie. Daarbenewens is die koerantwese ook ingestel op die sensasionele en kom seleksie van feite voor. Die historikus en leerling moet hom afvra of die skrywer nie poog om hom van 'n bepaalde standpunt te oortuig nie, en of die detail nie geselekteer is om die leser om die bos te lei nie. Daar moet dus bepaal word waarom sekere feite ten koste van ander weggelaat of uitgelig word.

Die toeligtingsfunksie soos deur Jones onderskei, behels dat gebeure in perspektief gestel, verklaar en verduidelik word.[20] 'n Gebrek aan afstandsperspektief, die spoed waarmee 'n koerant opgestel word en die onmiddellikheid van die nuus, bring mee dat detail verlore gaan en dat waninterpretasie en vooroordeel voorkom. Die historikus en leerling moet hom dus afvra of die feite in die artikel korrek is, of die artikel volledig is, of die skrywer self die gebeure waargeneem het en of daar stawende getuienis is? Die stelling dat alle historiese bronne met agterdog bejeën moet word, moet met die koerant en sy toeligtingsfunksie d.m.v. metodologiese kriteria van interne kritiek, met dubbele maat gemeet word.

**Advertensies**
Die advertensies in koerante is 'n belangrike bron van data vir die historici wat hul met sosiale en ekonomiese geskiedenis besig hou. Garraghan verklaar dat advertensies byvoorbeeld pryse van goedere weergee en dat dit ook 'n beskrywing gee van artikels wat op 'n bepaalde tydstip aan mense se behoeftes voldoen het. Die historikus leer so meer van die mens, sy tyd, sy behoeftes en die omgewing.[21]

Benewens advertensies bevat die koerant ook talle gegewens in die rubrieke en kolomme wat van besondere waarde is. Jones maak melding van veral biografiese besonderhede van leiersfigure en die benutting van die koerant vir navorsing oor plaaslike en streeksgeskiedenis.[22]

Die koerant is ook gemoeid met die vorming van openbare mening en die joernalis beweeg ook binne die raamwerk van die menings en vooroordele van sy lesers. Die skep van 'n openbare meningsvertroue het volgens Jones twee kante: aan die een kant poog die redaksie om in ooreenstemming met sy ideologie, 'n produk te lewer wat die leser sal glo en vertrou; aan die ander kant wil die leser dit wat hy gebied word, vertrou.[23] 'n Koerant moet dus rekening hou met die voorkeure van sy lesers en is ook medebepalend van die sosiale en politieke inhoud daarvan. Van Wyk stel dit egter duidelik as hy verklaar dat die meningsneerslag 'n sintese is van wedersydse beïnvloeding tussen koerant en leser.[24]

## DOELWITFORMULERING IN VORMINGSPERSPEKTIEF

Die rede waarom die gebruik van bronne op skoolvlak aangemoedig word, hou verband met die pogings om hoër kognitiewe vaardighede, wat vormingswaarde vir die leerling inhou, te ontwikkel. Die koerant kan veral aangewend word om kritiese denke by die leerling te ontwikkel. Volgens Dressel en Mayhew behels kritiese denke die volgende intellektuele vaardighede en vermoëns:

- die omskryf van probleme,
- seleksie van gegewens vir probleemoplossing,
- verklaring,
- vorming van relevante hipoteses,
- bepaling van die geldigheid van afleidings.[25]

Kritiese denke kan dus beskou word as 'n proses waar verklarings, argumente en oplossings se korrektheid bevraagteken word totdat dit geëvalueer is. Dit vereis dus kennis maar ook gesindhede en vaardighede wat aangeleer en toegepas moet word.[26]

Benewens die feit dat die koerant benut kan word om bepaalde vaardighede en bekwaamhede by die leerling te ontwikkel, belangstelling in die vak aan te wakker, die aard van die vak m.a.w. primêre en sekondêre bronne en die historiese metode uit te lig, lei dit ook tot leerresultate soos insig en kritiese denke. Die koerant help die leerling om:

- kernaspekte van 'n probleem te identifiseer,
- ooreenkomste en verskille tussen berigte aan te dui,
- die betroubaarheid van die feitebron vas te stel,
- feitelike akkuraatheid vas te stel.
- geldigheid van 'n argument te bepaal,
- relevante van nie-relevante inligting te skei,
- bevooroordeeldheid uit te ken,
- twyfelagtige argumente uit te ken,
- teenstrydighede en denkfoute in argumente uit te ken,
- gevolge te voorspel,
- emosionele taalgebruik te ontleed,
- clichès te ontleed.[27]

Deur die kritiese onderrig van die vak word verseker dat volwassenes met kritiese en skeppende denke ontluik, wat in staat is tot die verbetering van die kwaliteit van lewe van die individu, die verbetering van die samelewing en verhoging van beskawingspeile.[28]

## EVALUERING

Die koerant skep die atmosfeer van die periode wat bestudeer word. Daar word saamgeleef met die bron en daarom is 'n volgehoue benutting van die koerant onontbeerlik veral weens die hoë premie wat geplaas word op empatie (die affektiewe).

Dit moet egter deeglik besef word dat die opset van die koerant radikaal verskil van 'n aantal jare gelede. Die koerant het al hoe meer partydig geword en handel nie meer soseer oor die oordra van nuuswaardighede nie, maar die oordra daarvan vanuit 'n bepaalde ideologie-gekoppelde invalshoek. Daarbenewens sê Jones het die eise van die leser ook verander – hy wil opgevoed, vermaak en geprikkel word.[29]

Vanweë die partydigheid moet die metodologiese kriteria ingeoefen word om die korrels van die kaf te skei. 'n Stelling soos: "read several papers day after day, and eventually the truth will emerge", gaan nie

meer op nie. Om tot die waarheid te kom is nie 'n passiewe proses nie. Elke bron, ook die koerant het sy goeie en swakker kwaliteite, en deur die een aan die hand van die ander te verifieer, word aktief tot groter kennis van die menslike verlede geraak. Ten slotte is en bly die koerant vir die geskiedenis in die breë en vir eietydse geskiedenis in besonder, 'n waardevolle, noodsaaklike en onmisbare bron wat met groot vrug in die skoolse opset aangewend kán en móét word.

**BRONVERWYSINGS**

1. Dickenson, A.K. en Lee, P.J.: *History teaching and historical understanding,* p. 1.
2. Ibid.
3. Van Wyk, A.J.: *Kritiese denke en geskiedenisonderrig,* p. ?.
4. In Van Wyk, A.J.: *Openbare mening, die pers en die historikus,* p. 13.
5. Barnes, H.E.: *A History of historical writing,* p. 369.
6. Jones, H.C.: *Die koerant se rol in die onderrig van geskiedenis,* p. 91.
7. In Marwick, A.: *The nature of history,* p. 131.
8. Ibid.
9. Jones, H.C.: *Die koerant se rol in die onderrig van geskiedenis,* p. 93.
10. Van Wyk, A.J.: *Openbare mening, die pers en die historikus,* p. 114.
11. Robbins, A.P.: *Newspapers today,* p. 17.
12. Jones, H.C.: *Die koerant se rol in die onderrig van geskiedenis,* p. 94.
13. Garraghan, G.H.: *A Guide to historical method,* p. 254.
14. Jones, H.C.: *Die koerant se rol in die onderrig van geskiedenis,* p. 93.
15. Ibid, p. 91.
16. Van Wyk, A.J.: *Openbare mening . . .,* p. 105.
17. Mays, P.: *Why teach history,* p. 62.
18. Jones, H.C.: *Die koerant se rol . . .,* p. 92.
19. Van Wyk, A.J.: *Openbare mening . . .,* p. 94.
20. Jones, H.C.: *Die koerant se rol . . .,* p. 94.
21. Garraghan, G.H.: *A Guide to historical method,* p. 255.
22. Jones, H.C.: *Die koerant se rol . . .,* p. 95.
23. Ibid, p. 92.
24. Van Wyk, A.J.: *Openbare mening . . .,* p. 110.
25. Van Wyk, A.J.: *Kritiese denke . . .,* p. 253.
26. Ibid., p. 253.
27. Ibid., p. 254.
28. Ibid., p. 264.
29. Jones, H.C.: *Die koerant se rol . . .,* p. 96.

**BIBLIOGRAFIE**

Barnes, H.E.: *A History of Historical Writing.* Dover Publ., New York, 1962.

Garraghan, G.J.: *A Guide tc Historical Method.* Fordham Univ. Press, New York, 1957.

Jones, H.C.: "Die koerant se rol in die onderrig van geskiedenis" in *Geskiedenisonderrig die pad vorentoe.* S.A.V.O.G.O. Publikasie, Univ. Stellenbosch, 1988.

Marwick, A.: *The Nature of History.* Macmillan, Londen, 1970.

Mays, P.: *Why Teach History?* Univ. London Press, Londen, 1970.

Olivier, J.: Die Nuwe Geskiedenis – 'n toespitsing op die gebruik van oorspronklike bronne. (*Gister en Vandag,* 6, 1983, pp. 26 – 33).

Trümpelmann, M.H.: (red): *Kreatiewe Geskiedenisonderrig.* Publikasie van Buro vir voorgesette Onderwys (RAU) No. 1, Butterworth, Pretoria, 1983.

Trümpelmann, M.H.: *Enkele gedagtes oor die vakdidaktiek as wetenskap en die onderrig va Geskiedenis,* R.A.U., 1988.

Van Jaarsveld, F.A.: *Die gebruik van die biblioteek en bronne* (Historia, 15, 1970, pp. 243 – 247).

Van Wyk, A.J.: Openbare Mening, die Pers en die Historikus (*Historia,* 1, 1976, pp. 100 – 120).

Van Wyk, A.J.: "Kritiese denke en Geskiedenisonderrig", in *Geskiedenisonderwys – die Pad vorentoe.* Publ. van S.A.V.O.G.O., Univ. Stellenbosch, 1988.